**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer : A95/2011

In die appèl van:-

**ESAIAS ENGELBERTUS MEYER** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** HANCKE, WND RP *et* KRUGER, R

---

**AANGEHOOR:** IN KAMERS

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, WND RP

---

**GELEWER OP:** 10 AUGUSTUS 2012

---

[1] Hierdie is 'n aansoek om verlof om te appelleer teen 'n uitspraak van Zietsman Wnd R (waarmee Hancke Wnd RP saamgestem het) gelewer op appèl vanaf die Streekhof op 17 November 2011. Ooreenkomstig die riglyne neergelê in **LAW SOCIETY, NORTHERN PROVINCES v MOGAMI AND OTHERS** 2010 (1) SA 186 (HHA) par [3] en **S v DLOMO**, saak 129/2007, Vrystaatse Hoë Hof, gelewer op 8 Desember 2011 het ons die aangeleentheid in kamers beslis nadat skriftelike betoë van beide partye ontvang is.

[2] Ons het die punte wat deur beide partye geopper is, oorweeg. Mnr Greyling, namens appellant, voer aan dat daar 'n redelike kans is dat 'n ander hof kan beslis dat al die klagtes nie teen appellant bewys is nie, hoofsaaklik weens die gebrek aan opset. Geen gronde word geopper wat nie in ons uitspraak hanteer is nie. Na ons mening bestaan daar geen redelike vooruitsigte dat 'n ander hof tot 'n ander gevolgtrekking sal kom nie.

**BEVEL:**

[3] Aansoek om verlof om te appelleer word geweier.

**S.P.B. HANCKE, WND RP**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

Namens die appellant: Adv P du P Greyling
In opdrag van:
Steenkamp De Villiers & Coetzee Ing
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv M Swanlow
In opdrag van:
Direkteur: Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/sp